Maandag 18 Desember 2023

# KWAGGA 'RANT

Uitgawe #1

## My dae in Kwaggafontein

**Danie Pottas**

Ek is Danie Pottas en bly al 70 jaar op Kwaggafontein.

Op 30 September 1952 was daar nie tyd om hospitaal toe te gaan nie. My ma wou nog my pa gaan roep maar toe is ek net daar in die stal gebore.

Ons het groot geword op plot 35. Ons was 4 kinders, my oudste broer Adriaan, my twee sussies en ek. Ons het lekker katte kwaad aangejaag, vrugte gesteel en dan het die velle gewaai.Ons skool op Kwaggafontein was Jan Theron en was oorkant Itau, daar waar die geel trokke nou reg gemaak word. Daarna is ek dorp skool toe en moes trein ry van Verloorbult stasie hier by Brendarweg. Soms het ons melkpoeier by die ou roomery langs die stasie gaan haal en dan die hele trein se sitplekke wit gestrooi en die "konekteur" se hoed vol poeier melk gegooi. As hy dan sy hoed op sit val dit oor sy gesig en sy swart pak is spierwit, maar as ma hulle vanaand huis toe kom kon hulle nie op die sitplekke sit nie en dan brand jou agterent weer baie as ma by die huis kom.

My pa het met bees geboer, so dit was elke oggend 5 uur opstaan om te gaan melk. Hier het my pa my alles geleer van diere en om grond om te ploeg en van saai. Een van my pa se ou Macormick trekkers staan nog by my. Dit werk met krag paraffien. Op die plot is 'n ou Noch kar begrawe met enjin en al, van 'n man wat my pa geld geskuld het. My oupa-en ouma grootjie Pottas is jare terug by die kruising te Kloofeind dood gery. Toe is die grond kleiner en later weer kleiner gedeel in plotte. So is die grond als al verkoop. Plot 35 is die laaste stuk grond wat op Pottas se naam is.

Ek het plot 61 gekoop by my oom en later weer verkoop waarna ek in Vinkel straat gebly en begin om my stoor huis op plot 35 te bou. Ek het in 1994 begin werk in my stoor waarvan die besigheidsregte nog geregistreer was by Bainsvlei munisipaliteit. Later het die Bloemfontein se munisipaliteit al die klein munisipaliteite rondom Bloemfontein oor geneem.

Voor Brendarweg geteer is het my pa en Mick Megery die grond paaie in stand gehou met die trekker en 'n skraper aan die trekker.













## QwaggaMakietie: Flourishing into an Annual Highlight.

**Derek Craig**

Despite the looming threat of gloomy weather, the resilient spirit of Free staters illuminated the night as our community gathered at Oom Piet's expansive backyard. Against the backdrop of tantalizing braai aromas and the warmth of a crackling fire, QwaggaMakietie unfolded as a testament to the unyielding spirit and fortitude of the Kwaggafontein community.

A delightful scene unfolded as children revelled in the joyous atmosphere, bouncing on vibrant, rain-kissed jumping castles. Their laughter echoed, emphasizing that the sense of togetherness transcends generations—an experience made possible by the generous donations of Ilse from Jump and Slide Inflatables.

At the heart of the evening's triumph were the tireless efforts of the organizers, whose meticulous planning ensured that every detail, from sumptuous side dishes to captivating entertainment, unfolded seamlessly.

Throughout the event, Oom Piet, our gracious host, received heartfelt appreciation for opening his facilities and gardens for the community braai. His generosity set the stage for a truly unforgettable night of celebration.

The Kwaggafontein Community Braai symbolizes the spirit and unity of our community, illustrating what neighbours can achieve when they come together.

As the fire's embers dimmed, the warmth of togetherness continued to glow in our hearts—a night etched in the memories of all who attended, a tribute to the remarkable spirit of the Kwaggafontein community.

Confident in its continued success, we anticipate the flourishing of this annual event, eagerly anticipating the participation of every community member in future gatherings.

The second community celebration witnessed the heartening embrace of new members, making them feel right at home.

Adding to the event's grandeur, SP Nel, Chairperson of the Kwaggafontein Neighbourhood Organisation Association, officially inaugurated the festivities with an impactful speech. Oom Jannie followed with a heartfelt prayer after which the evening was in full swing.

As we bid farewell to another unforgettable Kwaggafontein Community Braai, we carry the lessons of togetherness, resilience, and the bond that ties us all. The rain couldn't dampen our spirits, and no challenge will, for the heart of Kwaggafontein beats strong and united.

Special thanks to Brew & Still for the donated Keg drinks, Kanonos Caterers for the South African favourite potato salad and bread rolls, and DJ "Klein Bart" for keeping the rhythm alive. Corne` deserves appreciation for invitations, RSVPs, and venue setup, all under the auspices of the Quaggafontein Neighbourhood Association. Together, we've woven a tapestry of memories that will linger in the fabric of our community for years to come."


18 Desember 2023 **KWAGGA ‘RANT** Uitgawe #01

# Die Trekkerfonds - Projek

Quaggafontein Neigbourhood Association(QNA) is besig met ‘n trekker projek ter bate van die gemeentskap en hulle benodig julle hulp. Quaggafontein Neigbourhood Association(QNA) se mikpunt is R75 000.

QNA se voorsitter verduidelik graag die doel van die Trekker inkoop vir die buurt; “Om paaie wat gereeld ‘n skraap nodig het te skraap,en die paaie beter in stand te hou. Verder gaan ons probeer sypaadjies van betalende lede ook te sny. Die trekker kan dan ook gebruik word om betalende lede se veld skoon te sny vir n minimale fooi wat ten bate van die gemeentskap se finansies gaan. Ons wil graag ook noem dat ons nou reeds R30 000 beskikbaar het vir die doel van QNA se kant af en dat ons graag nog R45 000 van die gemeenskap wil invorder. Sodra ons dan op die R75 000 merk is, dan koop die buurt hulle eerste trekkerjie.”

Dink net hoe mooi sal dit wees as ons eie gebrandmerkte trekker kan besit en die QNA trekkertjie in die strate van Kwaggafontein rondbeweeg. Om nie te praat van hoe mooi die area gaan lyk nie. Dit sal natuurlik ook ons brandgevare op vele vlakke verlig. Help asseblief mede-Kwaggafonteiners!



18 Desember 2023 **KWAGGA 'RANT** Uitgawe #01

# From Humble Thought to Vibrant Reality: Unveiling the Birth of Our Community Newspaper

**Derek Craig**

In the heart of our community, a spark of an idea ignited, and from that humble thought emerged the dream of a local newspaper. However, every venture needs a name, one that encapsulates its essence and purpose. Thus, a journey began—a journey that led to the birth of our cherished newspaper, and it all started with a simple competition.

The decision to involve the community in naming our newspaper was rooted in the belief that the voice of the people should echo through its pages. It was a decision to foster a sense of inclusivity and shared ownership, ensuring that the newspaper would truly be a reflection of the neighborhood it serves. The launch of the competition was met with enthusiasm and anticipation. Residents put on their thinking caps to conjure up the perfect name. The entries poured in, each one a testament to the creativity and collective imagination of the participants.

After careful consideration and spirited deliberations, a winner emerged, and with it, the birth of a name that would soon become synonymous with local news, community stories, and much more.

Now, we proudly unveil the chosen name – Kwagga'rant.

Congratulations to our winning entry! The winner will be officially announced in the upcoming issue of our paper, following the awarding of the prize.

Kwagga'rant stands as a beacon of community engagement, a testament to the power of collective creativity, and a symbol of the journey from an idea to a vibrant reality.

As" Kwagga'rant" takes its place in our community, we invite you to join us on this exciting journey as we bring the stories, events, and voices of our community to life through the pages of Kwagga'rant, which will be circulated quarterly.


















# Franse Atmosfeer in die Hartjie van die Vrystaat

**Claude Jones**

Ons klein gemeenskap beskik oor baie. In die artikel kyk ons na Villa Avianto en wat hulle als aanbied.

Geleë op 'n land van 5 hektaar op 'n heuwel in Kwaggafontein buite Bloemfontein, langs die N8 en N1. Die rustige atmosfeer beklemtoon die betekenis van Villa Avianto se naam as "House of the heavens".

Dit bied 'n unieke Toskaanse atmosfeer met formele tuine en fonteine wat naatloos meng met die omliggende omgewing waar jy van die alledaagse gevoel na ontspanne gemak kan ontsnap.

Villa Aviamto het die eerste Franse mark in Oktober 2008 aangebied met 6 uitstallers en 120 gaste. Sedertdien het die mark ontwikkel tot 'n Franse byeenkoms met die lekkerste kos en musiek.

Die Franse mark fokus op kwaliteit produkte wat deur plaaslike kunstenaars gemaak is en ontwikkel is. Kom geniet 'n Europese gevoel met lekker kos, pragtige musiek en ontwerpersklere in die hartjie van die pragtige Vrystaat.

Villa Avianto bied ook 'n kos mark. Villa Avianto glo ook in die heelhartige viering van kos, vriendskap en kultuur.

Die kultuur kosmark is 'n plek waar oud en jonk saam geselskap om lang tafels kan geniet met omringende lewendige musiek in die agtergrond. Hier kan jy smake en geure van regoor die wêreld verken terwyl jy leer om lief te wees vir "kultuur" wat jy dalk nooit vantevore geken het nie.

Villa Avianto se stoep- en kombuismark: Hierdie binnehof sal jou in 'n droomagtige toestand vervoer om deur die feestelike strate van 'n klein dorpie in Frankryk te stap. Stap in die paadjie af, gevoer met vrugtebome en geurige geranium terwyl ons ons tuin area omskep in 'n opelug kapel vir jou groot troudag. Die verhoog, mark kombuis, markiestent, beligting en ruim omgewing maak hierdie venueperfek vir unieke en onvergeetlike jaareindfunksies, hoë tee en boek- en musiek album bekendstellings. Villa Avianto bied elke Saterdag 'n Spice Walk aan vanaf 09:00 in die winter en 08:00 in die somer. Hierdie stap is hondvriendelik en daar is verskillende roetesbeskikbaar om almal te pas. Sluit hierdieSaterdag by ons aan en bring jou helegesin. Trail Runners en Stap klubs is ookwelkom. Geniet 'n koffie en ontbyt na joustap of hardloop.

Gaan besoek gerus hulle webtuiste of kontak hulle. Selfs beter besoek Villa Avianto om dit self te ervaar soos ek dit ervaar het. Jy sal nie spyt wees nie.

## Die hoogtepunte van die dag: Slange wat om te weet.

**Claude Jones**



'Ek doen al slang verwyderings vir net so oor die 27 jaar' vertel Stephan Fourie. "Diepassie het op die plaas begin toe ek nog 'nseun was. Slange word heeltemal misverstaan en speel 'n uiters belangrike rol indie eko-sisteem."

Bloemfontein het ongeveer 39 spesies, waarvan slegs 3 potensiëël lewensbedreigend is. Poffadder, Kaapse Kobra en Rinkhals is die gevaarlikes hier. Ander spesies is ook al hier gedokumenteer, maar dit is slange wat per ongeluk in motors, karavane, tente of vervoer trokke beland en dan teen hul sin hierheen vervoer word deur niksvermoedende mense.

Om slange te identifiseer kan nie net staat gemaak word slegs op kleur nie. Gedrag, skub tellings en grootte is van die ander inligting wat benodig word vir korrekte identifikasie.

Slange beheer knaagdier, voëls, amfibieë en ander reptiel getalle. Slange val nie mense aan nie. Hul verdedig hulself slegs. Soos vullis ophoop, of bou rommel, lok dit prooi, wat dan die slange lok. So ook areas met genoeg beskutting.

Maart, April en Mei is Poffadder paar tyd, wanneer veral mannetjies baie rond beweeg opsoek na wyfies. Geen gif, afweermiddel, plant of vloeistof sal voorkom dat slange by 'n area sal inbeweeg nie.' 'n Fisiese grens is al wat hul uithou.

Tans is daar 'n teengif tekort en dit is 'n rede tot ekstra versigtigheid.

Wanneer 'n slang gewaar word:

- Staan stil of beweeg stadig weg van die slang.
- Kry troeteldiere en ander mense weg van die area.
- Observeer die slang vanaf 'n afstand tussen 2 na 5m en kontak dan een van die gekwalifiseerde slang verwyderaars.

Indien mens gepik word, hou die persoon so stil en kalm as moontlik.

Reël dan spoedig dat die persoon na enige hospitaal met 'n ongevalle diens geneem word.

Dis nie nodig om die slang te identifiseer, of saam te neem nie. Identifikasie kan gedoen word deur 'n foto te neem, of selfs aan die simptome. Troeteldiere moet ook inderhaas na 'n veearts geneem word, indien hul gepik sou word.

Slange wat gevang word deur die slang-vangers, word weer vrygelaat in 'n geskikte habitat, enige iets van 15 na 25km vanaf naaste menslike nedersettings.

Vir enige verdere inligting kontak gerus vir Stephan Fourie by 084 400 4430. 'n Baie handige inligtingsbron is die African Snakebite Institute (ASI) selfoon toepassing.

Kyk Ook gerus Hierna:
https://medtalkz.com/eventdocuments/SNAKEBITE%20Hospital%20Provider%20NEW%20LOGOS%20(1).pdf

## "Zibi's Returns : Kwaggafontein Feathered Custodian Takes Charge"

**Derek Craig**

Guess who's swaggering back into our lives? It's none other than Zibi, South Africa's most beloved ostrich, and he's on a mission to make Kwaggafontein cleaner than ever.

The grand launch of the Zibi project took place on Wednesday, the 29th of November 2023, and the Kwaggafonteiners were already abuzz.

But wait, how can you, dear citizen of Kwaggafontein, contribute to Zibi's quest for cleanliness? It's as easy as taking a leisurely stroll outside your property. Pick up any papers, plastic, or discarded items you come across, throw them into a black bag, and leave the bag outside your gate on the morning of collection day. Then, leave it in the capable hands of Oom Bart, Zibi's chauffeur, who will drive past your address and whisk away your bag of refuse—free of charge!

Future Zibi days will be announced on the community WhatsApp group, so keep your eyes peeled for the next chance to help "Zibi"

So, let's all join hands, or feathers, and make Zibi's return a roaring success. Kwaggafontein, get ready to witness the cleanest streets and the happiest ostrich.

WhatsApp Group Invite






18 Desember 2023 **KWAGGA 'RANT** Uitgawe #01



# Get Ready to Roll: Kwaggafontein Neighborhood Association Presents the Return of the Christmas Wagon Celebration!

**Derek Craig**

'Tis the season to be jolly, and guess what? The Kwaggafontein Neighborhood Association (QNA) is at it again!

Brace yourselves for another dose of merriment as we gear up to host the second edition of the Christmas Wagon Extravaganza.

It feels like just yesterday that the QNA threw a Christmas party that left the town buzzing with joy. Remember that time when we realized we had a bunch of youngsters in our community who deserved a special treat for the holidays? Well, fasten your seatbelts because this year, we're cranking up the festive fun!

First things first, let's talk about the man of the hour – our very own Father Christmas. The quest to find the perfect Santa Claus was no easy feat. We put potential candidates through a rigorous test, but alas, many were disqualified due to their, shall we say, "slim" physique. Fear not! We stumbled upon the legendary Oom Jannie Ferreira, who not only passed the test but also graciously agreed to don the red suit and become our official Father Christmas. A round of applause for Oom Jannie!

Now, what's a Christmas party without gifts? We won't keep you in suspense – Corne Kruger and her team wasted no time and whipped up a whopping 90 gifts and packets of sweets. That's right, 90! It's safe to say that no child in Kwaggafontein would be left empty-handed this Christmas.

But wait, there's more! Our generous Father Christmas, Oom Jannie, donated his red tractor and a wagon that can comfortably fit 30 people. Picture this: a decked-out wagon rolling through the streets, spreading holiday cheer like confetti. The decorating squad, comprised of our community's creative children, did a stellar job turning that wagon into a festive masterpiece.

Remember the excitement from last year? The wagon, departing from the North Pole (well, metaphorically), Elf Hannes in tow, blasting spirited music that served as both a siren and a party invitation. The result? The young and old came outdoors to join the festivities.

And now, the moment you've all been waiting for – drumroll, please – the QNA has officially decided to make this a annual tradition!

Mark your calendars, set reminders, tie a string around your finger – do whatever it takes to remember – because this will take place again in 2024, the Christmas Wagon will once again roll through Kwaggafontein, bringing laughter, joy, and a truckload of holiday spirit.

So, dear neighbors, as we reach the end of yet another year, we wish a a very blessed festive season and prosperious new year. Safe travels and God bless you.

18 Desember 2023 **KWAGGA 'RANT** Uitgawe #01



# Troeteldiere en vuurwerke: Ses maniere om jou diere veilig te hou hierdie feesseisoen

**Claude Jones**

Met die feesseisoen om die draai word geleenthede soos Kersfees en Oujaarsaand dikwels met vuurwerke gevier. Dit is geen geheim dat vuurwerke diere kan ontstel nie. Hier is 'n paar wenke om diere veilig en kalm te hou.

Eerstens: praat met jou veearts. As jy weet dat jou troeteldier steeds baie benoud sal wees, is daar 'n aantal kalmerendemiddels wat jy troeteldiere kan ingee om die trauma teverminder.

Tweedens: hou hulle in 'n bekende veilige kamer. Dit salverhoed dat hulle weghardloop.

Probeer om 'n kamer te kies wat die geraas van buite sal demp en troeteldiere met bekende en vertroostende items sal omring.

Jy kan selfs die televisie aanskakel of musiek speel om die geraas te verdrink. Hou die gordyne toe getrek om te verhoed dat diere deur glasruite probeer ontsnap.

Derdens: lei hulle aandag af. Hou 'n verskeidenheid gesonde lekkernye byderhand om as afleiding te gebruik terwyl die vuurwerke aandie gang is.

Vierdens: moedig hidrasie aan. Vrees laat diere hyg. Maak dus seker dat jou bang troeteldier gehidreerd bly en hou hul kos- en waterbakke naby.

Vyfdens: moenie vensters oop laat nie. Selfs met veilige skerms kan 'n kat of klein hondjie paniekbevange ontsnap. Diere het baie sensitiewe gehoor en reuksintuie en die brandende geur van vuurwerke kan ontstellend wees, so hou eerder die vensters toe en as dit warm is, sit 'n waaier in die kamer aan.

Laastens: gaan naam plaatjies / skywe en mikroskyfies na: maak seker dat jou troeteldiere 'n naamplaatjie het met opgedateerde telefoonnommers en huisadresse, sodat indien hulle toevallig weghardloop, iemand hulle aan jou kan terugbesorg. As jou troeteldiere mikro-gekap is, maak seker dat die inligting wat met die mikroskyfie geassosieer word, korrek is.

Troeteldiere is 'n groot deel van ons lewens en ons voel dikwels dat hulle deel van die gesin is. Hulle is daar vir ons wanneer ons af voel, en ons kan altyd op hulle staatmaak. Hulle vorm bande met ons wat jare lank hou en deur dik en dun staan hulle by ons. Dit is hoekom ons hulle ook moet beskerm en help wanneer hulle moeilike tye ervaar.

18 Desember 2023 **KWAGGA 'RANT** Uitgawe #01














# Trekkerfees in Kwaggafontein

**Claude Jones**

Op 6 en 7  Oktober 2023 het mense van oud tot jonk hulle verkyk aan 'n verskeidenheid van veteraan-trekkers en enjins. Daar het mens demonstrasies gesien van hoe dinge gedoen word. Vanjaar was die tiende Bloem-familie trekkerfees by die Ferreira-museum in Speserylaan, Kwaggafontein, net buite Bloemfontein. Die fees is in samewerking met die Sentraal-Vrystaat Veteraan trekker-en-enjin klub(SVVK) aangebied.

Daar was ook vermaak gewees wat ingepas het met die Jaarlikse Trekkerfees deur die Vrystaters-boereorkes in samewerking met die musikant Etiëne de Koker.

Anoniem, 'n Inwoner van Kellysview en ook 'n Trekkerfeesganger verduidelik die volgende *"Die Bloem-familie Trekker fees word elke jaar deurdie Sentraal Vrystaat Veteraantrekker-en-enjinklub gehou te Ferreira Museum,Speserylaan 16 Quaggafontein. Die fees bied aan; verskeie kos stalletjies,buitelewe en ander groot uitstallers, antieke trekker ploeg demonstrasies,stoomenjin en antieke enjins, ystersmit demonstrasies, en nog vele meer!! Ditwas vir my seun wat Desember twee jaar oud word 'n belewenis en hy hethomself gate uit geniet. Hy is al op 'n jong ouderdom mal oor trekkers.*

Danie en Herman de Wet broers van Aliwal wat albei vir Securi Tech Solar werk saam met hulle groot verskaffer Joule Energy Solutions het ook 'n stalletjie gehad met Solar toestelle. Hulle het egter die trekkers baie geniet  omdat hulle ook van 'n plaas af kom en dit het hulle weer soos 'n kinders laat voel met die opgewondenheid.

Die trekkerfees speel 'n baie belangrike rol in ons gemeenskap en dra by na die beste uitbreiding in Bloemfontein.

Die jaarlikse Trekker fees is een van baie wat dit lekker maak om in Kwaggafontein te bly. Dit is nie net 'n jaarlikse fees vir mense wat baie van trekkers af weet nie, maar wel vir almal wat in die Vrystaat bly en hulle inwoners.

Vir my eerste keer was dit 'n belewenis gewees om te ervaar en deel te wees, alhoewel ek niks van trekkers weet nie....

18 Desember 2023 **KWAGGA 'RANT** Uitgawe #01




# Wat het gebeur in die loopgrawe

**Hannes Etsebeth**

Soos al baie genoem is, en ook sigbaar is in ons area is, is ons patrollies baie aktief. Die patrollies beweeg op verskillende tye saans deur die hele buurt, en is gemerk met wit noodligte. Hierdie is om sigbaarheid van die buurtwag in ons area te bevorder. Ten spyte van hierdie inisiatief sluip daar steeds kwaaddoeners in ons area rond. Daarom wil ons 'n beroep doen op elke inwoner om ons oë te wees, en ons te laat weet van enige verdagte voertuie sowel as persone wat u sien rondbeweeg in die dag maar meer spesifiek saans.

Noemenswaardige veiligheids verwante gevalle:

Hierdie was maar net enkele gevalle waarby ons as QNA se veiligheids been betrokke was die afgelope paar maande.

**Skrootmetaal: Diefsal 27 September 2023**

Ons, in samewerking met VR sekuriteit en Bloemsec was daartoe in staat om 'n positiewe arrestasie te maak van 'n skroot metaal dief wat al 'n rukkie in ons area rondkrap. Die eienaar van die metaal het 'n saak oopgemaak by Parkweg, en die saak duur voort.

**Inbraak by Stuck in the Mud 23 Oktober 2023**

Slegs 'n klein hoeveelheid drank was gesteel, maar groot skade is aan die infrastruktuur aangerig. Ons het heelwat beeld materiaal, maar kon egter geen arrestasies maak nie.

**Veediefstal bystand: 27 Oktober 2023**

'n Groep van ons het bystand verleen aan die SAPD om te help om 'n bekende veedief vas te trek wat vee steel net anderkant Kelly's View. Ons het die betrokke veedief se voertuig gemonitor totdat dit weggejaag het met die vermoedelik gesteelde skaap daarin in die rigting van die Jagersfontein pad. Die buurtwagte daar het hom gevolg, maar hy het hulle ontglip, en na vermoede die skaap iewers afgelaai. Die SAPD het hom vasgetrek in die stad, maar kon ongelukkig nie 'n arrestasie maak omdat hy nie meer die skaap in sy besit gehad het nie.

**Kabeldiewe van Kimberley voorgekeer en gearresteer by die Makro kruising. 09 November,**

Met die samewerking van verskeie sekuriteit firmas en ook SAPD is 6 persone in hegtenis geneem wat na bewering betrokke was by grootskaalse kabel diefstal in die Kimberley area.

**Elektriese drade gesteel 12 November 2023**

Daar is elektriese drade gesteel by ons eie SP se nuwe huis, netjies afgeknip by die kragproppe en verwyder, ongelukkig kon ons nie enige leidrade kry en dus ook nie die skuldiges vastrek nie.

**Plaasaanval simulasie 14 November 2023**

Hierdie simulasie/oefening word sporadies gehou in elke sektor, dit is dan die hele sektor se verantwoordelikheid om seker te maak dat al die toegang-roetes versper word om sodoende die aanvallers te bewegings te beperk. Ons as Quaggfontein het binne 8-minute vandat die kennisgewing van die aanval deurgekom het al ons toegangsroetes beman gehad en 7 voertuie gehad wat op bystand was en die area gepatrolleer het. Ons was na die tyd gelukgewens met ons optrede deur die GPF voorsitter van Sektor 6 waarvan ons deel vorm.

Met die fees-seisoen op hande verwag ons dat die misdaad kan toeneem. Wees asseblief bedag, maak seker soveel moontlik sekuriteit maatreëls is in plek by u wonings. Word deel van die QNA en versoek om op die nodige noodroepe te wees ten einde u veiligheid te help verseker.

Groete

QNA Veiligheid.




**Om te adverteer in die "KWAGGA 'RANT" kontak enige van die onderstaande persone. Maak nou die regte besluit en bemark jou besigheid by Ons.**

| | |
|---|---|
| Claude Jones | +27 67 138 4408 |
| Derek Craig | +27 74 862 9641 |

Vir enige navrae en voorstelle vir KWAGGA 'RANT volg asseblief ons Whatsapp groep gesprek deur die volgende skakel of QR kode te volg:

WhatsApp Group Invite

Of Skakel gerus die bogenoemdes persone

Om enige Bydraes of Dienste te lewer aan die QNA te maak gebruik die QR Kode of kontak asseblief vir

SP Nel by +27 83 552 2030

## NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| Ambulans | 10 1777 |
| Polisie | 10 111 |
| Brandweer | 051 405 8141 |
| Mangaung | 051 405 8911 |
| Centlec | 051 409 2252 |
| **Plaaswag SP Nel** | **083 553 2030** |

